

Kategese: 18 Oktober 2026

Junior Kategese: Voorskool - Graad 6

Voorskool: Tydens die erediens in die ou moederskamer in die kerk.

Groei-goggas: Groen vir groei.

God antwoord altyd as ek bid

Op 'n manier is God se antwoord op ons gebed

soos 'n verkeerslig. As die lig groen is, beteken dit dat ons kan ry, want dit

is nou veilig om oor die kruising te gaan. Die Here se **JA is soos 'n groen**

lig. Wat beteken dit as die Here JA sê? Ons praat oor die "Ja" van die Here op ons gebed en hoe ons daarop moet reageer. Dit klink maklik, maar ons moet steeds gehoorsaam wees en "ry" want anders kan iemand in ons vasry van agter af.

As ek bid sê God somtyds vir my "Ja".

As ek bid sê Hy "Ja" omdat Hy my wil bewaar.

Maar ek weet God antwoord altyd my gebed.

1 Tessalonisense 5:17: "**Bid gedurig.**"



Kategeet: Rona van Zyl (082 339 1362)

Graad 1-6: Tydens die erediens in die kerksaal.

My Blink ID: "Labels" Ek is 'n SMS!

In 2 Korintiërs 3:2 staan daar: "**Julle is ons brief, geskryf in ons harte, geles en verstaan deur alle mense.**" Paulus sê dat almal wat aan Jesus behoort, is 'n brief wat deur ander mense geles word. Jy is die boodskap soos wat iemand 'n WhatsApp lees, so word ons elke dag geles. Ons gaan Sondag ook praat oor hoe jy iemand anders kan help om ook 'n brief vir Jesus te wees.

2 Korintiërs 3:3 "**Julle is duidelik 'n brief van Christus wat deur ons diens opgestel is, geskryf, nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God; nie op kliptafels nie, maar op die tafels van menseharte.**"

Kategeet: Ds Werner Schultz (084 645 1173)

Senior kategese: Graad 7 – 12

Daar sal nie kategese wees vir die senior katkisanter nie. Hierdie katkisanter word genooi om na die erediens, Helderberg Uitreik se projekuitstalling in die kerksaal by te woon.

Kategeet: Gideon Muller (083 236 9869)

Kategeet: Ds Willem Sauer (071 674 1675)